

Die regulatoriese omgewing

Uitgawe 55: Mei 2012

Wetgewing binne die plaaslike finansiële sektor het sedert 2001, toe die eerste wet wat finansiële advies monitor (die Wet op Finansiële Advies en Tussenganger-dienste) in Suid-Afrika in werking getree het, ver gevorder. Tot onlangs was daar **min tot geen** beoordeling van gepaste advies nie en sedertdien het baie veranderinge plaasgevind om verbruikers te beskerm. Die regering het onlangs weer aangekondig dat hy van voorneme is om 11 wette mbt die finansiële sektor te wysig. In hierdie uitgawe het ons gedink dat dit nuttig sou wees om enkele punte te beklemtoon.

Finansiële regulering sal breedweg verdeel word tussen die Reserwebank van Suid-Afrika (RBSA) en die RFD (Raad op Finansiële Dienste). Die mandaat van die RFD het sy wortels in die FSA (Financial Services Agency) – die Britse ekwivalent van ons plaaslike reguleerder. Die RBSA sal verantwoordelik wees vir omsigtigheids-regulering; dws wetgewing wat bankrotskap probeer elimineer. Aan die ander kant is die RFD verantwoordelik om industrie-gedrag te reguleer en die verbruiker te beskerm.

Regulatoriese eksamens

In 2008 het die RFD aangekondig dat finansiële adviseurs aan minimum opvoedkundige vereistes moet voldoen. 'n Groot stap op daardie stadium, aangesien feitlik enige iemand 'n versekerings-agent kon word. Versekerers het die mark oorheers en was natuurlik ook in 'n meerdere mate verantwoordelik vir die swak reputasie tot dusver. Daarbenewens het die RFD 'n reeks verpligte eksamens in twee fases bekend gemaak:

- **Vlak 1** om te verseker dat alle adviseurs hul **regulatoriese omgewing ken en verstaan**; maw wetgewing wat ons bedryf reguleer
- **Vlak 2**-eksamens sal bevestig dat adviseurs aan die **minimum vereistes** voldoen binne elke vakgebied bv mediese skemas, beleggings en/ of versekering

Neem asseblief kennis dat hierdie eksamens slegs basiese kennis en nie uitsonderlike vaardigheid(e) of kundigheid toets nie. Dit is belangrik dat elke adviseur die noodsaaklikheid van waarde-toevoeging tot sy, of haar kliëntebasis beseft en dit objektief evalueer. Die bestaande operasionele raamwerk beskerm (tot 'n groot mate) steeds fooi-strukture en besigheids-modelle van die groot verskaffers. Ingewikkelde konfigurasies, industrie-terminologie, verkope wat gedryf word deur aansporings-meganismes en swak deursigtigheid het bygedra tot die wantroue van die publiek in die gemiddelde makelaar. Ons moedig kliënte aan om betrokke te raak en moedig mense aan om kritiese vrae te vra.

Treat Clients Fairly (TCF)

Om kliënte redelik te behandel is 'n inisiatief wat deur die RFD van stapel gestuur is. Die primêre doel is om die wisselwerking tussen verskaffers en verbruikers te verbeter. Daar is hoofsaaklik drie vereistes vir TCF om te kan werk... 'n doelmatige regulatoriese raamwerk met proaktiewe monitering, 'n ernstige kultuur verandering, asook die regte aansporings- sowel as afskrikmiddels. TCF is 'n **beginsel-gebaseerde wetgewing** wat rondom verskeie verlangde uitkomstige gebou is. Sommige van die verwagte resultate is:

- Kliënte moet seker wees dat hulle te doen het met maatskappye waar **billike behandeling** van kliënte

die **kern van die korporatiewe kultuur** vorm

- Verbruikers behoort toegang te kry tot **duidelike en ondubbelsinnige** inligting
- Waar finansiële advies gegee word, moet dit geskik en gepas wees, met inagneming van spesifieke omstandighede van die individu
- Die resultate van finansiële aanbiedinge moet in ooreenstemming met gegewe projeksies wees. Ook moet enige diens wat gelewer word aan die verwagting(e) van kliënte voldoen
- Mense moet geen hindernisse (wat dit moeilik maak om veranderinge te maak of om van verskaffer te verander) ervaar nie – selfs om 'n klagte in te dien

Hoewel ons hierdie nuwe ontwikkelings ondersteun, hoop ons dat dit nie net nog 'n vorm van burokrasie sonder effektiewe resultate is nie. Verder is dit onduidelik hoe "regverdigheid" gemeet sal word; en hoe kan of wil groter invloedryke maatskappye die stelsel manipuleer. Die vraag is tot watter mate die reguleerder die kundigheid het om skuldiges hok te slaan.

2012 Begrotingsrede in hooftrekke

In die 2012 begrotings-toespraak deur Mnr Pravin Gordhan, was daar enkele onverwagte aankondigings:

- Kapitaalswins gaan voortaan teen 'n hoër insluitings-koers belas word
- Belasting vrystellings op rente-draende spaargeld sal beëindig word en vervang word deur alternatiewe voertuie met 'n jaarlikse plafon van bydraes. Vir die eerste keer is die jaarlikse rentevrystelling (vir individue onder die ouderdom van 65) op dieselfde vlak gehou
- Die omstrede dividend-belasting van 15% sal die bestaande 10% SBM vervang. Suid-Afrikaanse maatskappye sowel as 'n geregistreerde aftreefonds (pensioen-, voorsorg-fonds, aftree-annuïteit of lewende annuïteit) wat dividend-inkomste ontvang, sal aansoek kan doen vir die vrystelling daarvan
- Vanaf 1 Maart 2014, sal die toelaatbare bydrae tot 'n aftreefonds tot 22.5% (onder die ouderdom van 45) en tot 27.5% verhoog word as jy 45 jaar en ouer is. **Alle bydraes kan afgetrek word** van jou belasbare inkomste. Die meganisme moedig meer besparing aan maar bydraes word op 'n maksimum bedrag ingekort
- Mediese uitgawes gaan volgens 'n belastingkrediet van die berekende belasting afgetrek word. Weereens is dit ten gunste van laer inkomstegroepe

Die Sygnia oorgang

Die finale omskakeling van ons beleggingstrategieë is verdrag agv rompslomp en moeilike vergaderings met die RFD. Daarbenewens oorweeg Sygnia alternatiewe vir 'n doeltreffende oorgang na die nuwe struktuur. Die proses het eenvoudig langer geneem as wat ons verwag het. Op die stadium verwag ons dat die omskakeling teen die einde van Mei 2012 voltooi sal wees. Weereens, die redes vir die verandering sluit die volgende in:

- Beter toesig en beheer
- Buigsamheid, wanneer ons dit nodig het om fonds-bestuurders uit te ruil
- 'n Totale koste vermindering, wat sal lei tot verwagte beter prestasie

Kontak ons asb indien u enige vrae mag hê.